**4 Desember** **Skrifgedeelte: Jesaja 2:1-5**
**Fokusgedeelte: Jesaja 2:2**

**Nasies stroom na Sion**

Die hele Ou Testament is "swanger" van die komende Messias of Gesalfde, wat beloof is (Op 12:2). Jesaja profeteer in ons fokusvers op 'n besonder duidelike manier van hierdie komende heilstyd. In die ou Ooste is immers groot waarde aan bergtoppe geheg. Daar is geglo dat hoë bergspitse ontmoetingsplekke met die godewêreld was. Hoë toerings het ook hierdie funksie vervul. Dink maar aan die toring van Babel (Gen 11) wat die idee versinnebeeld het dat mense na die hemel kon opklim – uit hulle eie mag.

Teenoor hierdie hele vrugtelose soeke van klein mensies om trapsgewys op te klim na God toe staan Sion met die tempel daarop as simbool van God se genade en versoening wat na ons mense toe neerdaal. Sion is die teëpool van Babel.

In die volheid van die tyd, of "aan die einde van die dae" (OAV), sal al die nasies na Sion toe stroom. Sion sal verhoog word, omdat God die Seun, wat dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie, Homself ontledig het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem. Dié berg van God is die hoogste, omdat die God wat Hom in die Ou Testament veral op dié berg geopenbaar het, die Laagste geword het. Die wyse manne uit die Ooste was rondom die geboorte van Christus die voorlopers van die toestroming van mense uit alle nasies wat in Christus hulle Redder vind.

*Sing: Skrifberyming 18-7:10* *Dr. PP Kruger (Meyerspark)*